Muurbehangsel in voorportaal

Die muurbehangsel in die voorportaal van die kerk vertel 'n verhaal van God wat deur die Woord met die kerk 'n pad stap. Dit vertel ook 'n verhaal van God wat met Kroonstad-Oos 'n pad stap. ***Die muurbehangsel is met die kerk se inwyding in 1968 in die voorportaal gehang. Dit is voorwaar 'n erfstuk.***

Ons as gemeente bely dat die Here nog steeds met ons op weg is. Soos die meeste van u reeds weet is ons besig om die pamflet te versprei wat ons roeping en doel uiteensit. Ons glo die Here roep elke lidmaat hier en nou om Sy liefde uit te leef.

Daarom is ons roeping – Leef Christus se liefde.

Die kerkraad het besluit om hierdie roeping op 'n visuele manier uit te beeld. Hierdie uitbeelding bly nog 'n verassing maar sal in die plek van die muurbehangsel in die voorportaal opkom. Ds. Wikus en Ds. Darius het 'n gesprek gehad met Tannie Hetta Louw, wat die enigste oorblywende lidmaat is wat aan die muurbehangsel gewerk het asook met Tannie Janet Rademan en Tannie Retha Grobler. Daar is besluit dat die muurbehangsel na binne die kerk geskuif sal word. Daar kan ons dit weer elke Sondag sien en herinner word aan die pad wat God met ons as gemeente stap.

Om die muurbehangsel te skuif beteken dat daar herstelwerk en restourasie gedoen moet word en die drie dames het ingewillig om die taak op hulle skouers te neem. **Hulle vra egter as daar dames is wat kan help, sal hulle dit baie waardeer**. **Kontak gerus die kerkkantoor indien jy beskikbaar is.**

Ons glo u as gemeente is saam met ons opgewonde oor die pad en die toekoms van die gemeente!